**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG**
**(Tweede Vraestel: Geskiedenis van die Letterkunde)**

# POSSIBLE ANSWERS / MOONTLIKE ANTWOORDE SUPP 2007

**INSTRUKSIES:**

Die kandidaat moet VIER vrae beantwoord.

- TWEE vrae uit Afdeling A
- EEN vraag uit Afdeling B
- EEN vraag uit Afdeling C

Al die vrae is gelykwaardig en tel 30 punte.

## AFDELING
## POËSIE

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1

Breyten Breytenbach se poësie en prosasketse verteenwoordig ? nuwe inset vir die Afrikaanse letterkunde deur die vryer, uitgesproke erotiek en deur die temas van ballingskap en betrokkenheid.

1.1 Verwys na DRIE gedigte van Breytenbach waarin nie-metriese patrone en afwesigheid van vaste versvoete voorkom. (6)

*Enige gedigte uit **Die ysterkoei moet sweet** en/of **Die huis van die dowe***

1.2 Heelwat van sy gedigte handel oor ? terugkeer na Suid-Afrika en kan beskryf word as "onthou-oë". Bespreek kortliks DRIE van hierdie gedigte om hierdie stelling te bewys. 3x5=(15)

*Enige van die gedigte uit **Kouevuur** wat handel oor ? terugkeer na Suid-Afrika waarin die kleure, geure en klanke ingeprent word.*

1.3 Skets kortliks die agtergrond en relevante biografiese inligting van hierdie kontroversiële kunstenaar. (9)

*Hy verteenwoordig ? nuwe inset vir die Afr. letterkunde. Beeldende verse wat in baie opsigte afwyk van bv. Van Wyk Louw en Opperman. Oorheers die Suid-Afrikaanse literêre wêreld onder die invloed van die Nederlandse Vijftigers en die Franse surrealiste. Beweeg heeltemal weg van die 'geslote vers' van die Afrikaanse letterkunde. In hegtenisname op 19 Augustus 1975 op aantygings van terroriste-aktiwiteite. Word tot nege jaar gevangenisstraf gevonnis.* **[30]**

## VRAAG 2

Elizabeth Francoise Eybers word deur John Kannemeyer beskryf as die vroulike hart met al sy stemminge, en is een van die sterkste digterstemme in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. Verwys na gedigte wat oor DRIE van die volgende herkenbare temas handel:

- Jong meisie
- Minnares en moeder
- Ouderdom
- Kunstenaarskap

*Gedigte uit **Belydenis in die skemering**, **Stil Avontuur**, **Die vrou en ander verse**, **Neerslag**, **Helder Halfjaar**, **Rymdwang**.* 3x20=**[30]**

## VRAAG 3

In die derde fase in Van Wyk Louw se kunstenaarskap word ? hoogtepunt bereik met *Tristia en ander verse*. Die **preokkupasie met die digterskap**, die **soeke na geestelike helderheid** asook die **eensaamheid van die digter** kom in talle gedigte in *Tristia* tot uiting. Bespreek hierdie stelling deur na gedigte uit hierdie bundel te verwys.

***Preokkupasie met die digterskap**: Ars Poetica, Klein variasies op die woord 'gaan', 'Skepper 1'*

**Soeke na geestelike helderheid**: Afstropingsproses soos uitgebeeld in 'Vroegherfs', 'Renboot'

**Die eensaamheid van die digter**: verlange na die Vaderland - "Karoo-dorp: Someraand', 'Die wind in die baai het gaan lê' 3x10=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
**PROSA**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4**

Die tradisionele roman in Afrikaans is geskryf oor historiese gebeure en agtergrond. Daarteenoor bied die nuwe Afrikaanse historiese roman ? vars blik op die geskiedenis. Prof. Johan Johl verwys daarna as “die kuns om om te kyk”, eerder as om “terug te kyk”.

Bespreek die roman wat jy behandel het aan die hand van die volgende aspekte:

- Die verteller
- Karakteruitbeelding
- Dialoog
- Temas
- Opheffing van verskille tussen hede en verlede 5x6=**[30]**

*Die perspektief van die verteller in die moderne roman is aktueel en nie stereotiep soos in vroeër jare nie. Skrywers wat ? groot bydrae in hierdie genre lewer, is André Brink, Etienne van Heerden, Ettienne Leroux, Elsa Joubert en ander. Die emosies en reaksies van die verteller reflekteer die werklikheid van die mens en word nie deur die historiese tydperk en gegewens oorheers nie. Die karakters word lewensvatbaar voorgestel, en dit is moontlik om met hulle te identifiseer afgesien van ras, geslag of tydsgewrig. Die dialoog is lewendig in die sin dat daar ? bewussyn is van wat mense ervaar/belewe ongeag die tydperk waarin hulle sou geleef het. In die tradisionele historiese roman was daar ? geneigdheid om die karakters te definieer op grond van die historiese tydsgewrig, bv. die Groot Trek, Franse Revolusie, Kaapse romans, ens. waarin die romantiese voorstelling van die tydperk te veel aandag geniet het. Die temas moet universeel en algemeen van toepassing wees soos wat dit onder mense geldig sal wees ongeag enige gespesifiseerde tydsgewrig. Om geloofwaardig te wees sal die opheffing van die verskille tussen hede en verlede heel natuurlik wegval, en die integriteit van die werk behoue bly aangesien die menslike dilemma steeds dieselfde bly.*

**VRAAG 5**

Maak gebruik van kortverhale deur Jan Rabie, Abraham de Vries, Chris Barnard of Hennie Aucamp en bespreek VYF van die volgende literêre begrippe:

- ironie
- eksistensialisme
- surrealisme
- aktualiteit
- ruimte en tyd
- simboliek 5x6=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

**TOTAAL: 120**